# HOOFSTUK 4

## EKSEMPLAAR VAN OUERBETROKKENHEID UIT DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE AMERIKAANSE OPVOEDENDE ONDERWYS

### 4.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk het 'n aanduiding gegee van die rol wat die ouers in die opvoedende onderwys van hulle kinders sedert die Griekse tydperk (776 v.C.) tot aan die einde van die Hervormingstydperk (sestiende eeu) gespeel het. Hoewel ouerbetrokkenheid in sommige tydperke doeltreffend skyn te wees, kan geeneen van die tydperke uitgesonder word as 'n tydperk wat as voorbeeld voorgehou kan word ten opsigte van ouerbetrokkenheid nie. Die vernaamste rede hiervoor is dat elke tydperk volgens sy eie aard, en kragtens sy historisiteit, 'n eie identiteit verwerf het wat die tydperk uniek maak in vergelyking met die ander tydperke.

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n beeld te bied van hoe daar in die Verenigde State van Amerika 'n plek toegeken is en word aan ouerbetrokkenheid ten opsigte van opvoedende onderwys. Deur die Amerikaanse onderwysstelsel in oënskou te neem kan die historiese lyn vanaf die Griekse tydperk deurgetrek word tot by die kontemporêre tydperk.

Soos in Hoofstuk 1 (vergelyk 1.2) vermeld, is die Verenigde State van Amerika ook, net soos Suid-Afrika uit Nederland, uit 'n stamland, naamlik Engeland, afkomstig en is hulle historiese verloop parallel met dié van Suid-Afrika ten opsigte van trekkersbestaan, nywerheidsontwikkeling, godsdiensstryd, landelike bestaan en rasseverhoudinge. Juis na aanleiding van laasgenoemde faktore word die Verenigde State van Amerika beskou as 'n geskikte model om ouerbetrokkenheid ten opsigte van opvoedende onderwys na te vors.

Die betrokkenheid van ouers ten opsigte van opvoedende onderwys in die Verenigde State van Amerika gaan bevraag word volgens die essensies: onvoorwaardelike aanvaarding, beskikbaarheid van die ouer, skep van 'n geborgenheidsruimte en die ouer as kultuurdraer.

Die essensies wat ondersoek word, word gedoen aan die hand van bepaalde tydperke wat ouerbetrokkenheid ten opsigte van die opvoedende onderwys in die Verenigde State van Amerika in perspektief probeer stel. Vir die doel van die ondersoek word die Amerikaanse geskiedenis in drie tydperke verdeel:

- 1607 tot 1783
- 1783 tot 1865
- 1865 tot 1991

Die bepaalde tydperk word verkies omdat dit 'n samevatting is van die hoofmomente van die Amerikaanse geskiedenis. Die tydperk 1607 tot 1783 word beskou as die Koloniale tydperk, wat die oorsprong en stryd in 'n "Nuwe Wêreld" aandui. Die tydperk 1783 tot 1865 lui 'n periode van 'n onafhanklike Verenigde State van Amerika in en dui op die groei van 'n Amerikaanse Republiek, terwyl die tydperk 1865 tot 1991 die verdere uitbreiding en ontwikkeling van die Amerikaanse onderwys tot in die twintigste eeu aandui.

Die oogmerk van die hoofstuk is om 'n oorsig te bied van die wyses waarop daar in die vroeëre geskiedenis van die Verenigde State van Amerika gepoog is om ouerbetrokkenheid ten opsigte van opvoedende onderwys te bevorder. Dit wat toepaslik is op en bruikbaar vir die Suid-Afrikaanse omstandighede kan moontlik geïmplementeer word tot voordeel van die kind se opvoedende onderwys.

## 4.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND

Die ontdekking van die "Nuwe Wêreld" (Amerika) deur Christophorus Columbus in 1492 het die pad oopgemaak vir die Europeane om hulle daar te vestig. Dit was eers tussen 1562 en 1568, met die stryd tussen die Franse Hugenote en die Spanjaarde, dat die eerste Europeane hulle in Amerika gevestig het (Anon, 1977:230).

Met verdrag het ander Europeane hulle in die "Nuwe Wêreld" gevestig. In 1607 het die Brit John Smith 'n kolonie gestig met die naam Virginia. Die "Pilgrim Fathers" het in 1620 met die skip "Mayflower" aan die kus van Massuchusetts geland en die kolonie Plymouth gestig. Onder andere het die Brit Henry Hudson wat in Nederland se diens was in 1624 'n nedersetting op die eiland Manhattan begin, terwyl die Puriteine in 1630 in Boston met 'n aanleg begin het. Die onderskeie kolonies het ontwikkel na gelang van die inwoners se herkoms asook die ligging van die kolonie (Anon, 1977:230).

Die Noord-Amerikaners was hoofsaaklik van Europa afkomstig en hulle is nou verbonde aan die Europese geskiedenis en kultuur. Die fundamentele faktore waaruit Amerika se tradisies gevorm is — Puritanisme en Humanisme — was wydverspreide bewegings in Europa, waar dit gegroei en groot afmetings aangeneem het (Hans, 1967:274).

Die kolonisering van Noord-Amerika het reeds vroeg in die sewentiende eeu begin en groot getalle Wes-Europeërs het hulle daar gevestig. As gevolg van godsdienstige en politieke woelinge het hulle hul vaderlande verlaat om vir hulle en hul kinders 'n beter en veiliger toekoms in die nuwe wêreld te vind (Barnard, 1978:109).

Hierdie Amerikaners het voortdurend gestreef na verandering en verbetering en het 'n besondere premie geplaas op die praktiese, die nuttige en die bruikbare. Soos Hans (1958:273) dit stel; "America looks forward and believe the tomorrow is always better than today."

Sterk onder die invloed van Luther het die wet van 1642 in Massachusetts sy beslag gekry. Deur laasgenoemde koloniale wetgewing was van die ouers geëis om aan hulle kinders godsdiens- en beroepsonderwys te verskaf (Brubacher, 1966:351). Hierdie wet is in 1647 opgevolg deur die sogenaamde "Old Deluder Satan Law". Dit het vereis dat elke gemeenskap wat uit vyftig of meer huisgesinne bestaan het van 'n onderwyser voorsien moes word om die leerlinge te onderrig. Vanaf die koloniale tydperk het die onderwysstelsel in die Verenigde State van Amerika nie 'n nasionale eenheid gevorm nie. Daar was soveel stelsels as wat daar state was, naamlik vyftig (Barnard, 1978; 111).

Die onderskeie state of kolonies is gevorm deur 'n groter konsentrasie van die vroeë koloniste in sekere streke, wat daartoe aanleiding gegee het dat elke kolonie 'n unieke karakter ontwikkel het. So was skole van die Middel Atlantiese kolonies sterk geskoei op die geloof van die mense in die omgewing. Pennsylvania, New York en die ander middelkolonies was grootliks deur Duitsers, Nederlanders, Swede en Engelse kwakers bewoon, wat meegebring het dat verskillende gelowe beoefen is. Omdat die gelowe so uiteenlopend was, kon daar nie soos in New England 'n gemeenskaplike dorpskool tot stand gebring word nie. Die Nederlands-Calvinistiese kerk het byvoorbeeld 'n aantal skole in New Netherland beheer totdat die Engelse die beheer oorgeneem het (Anon, 1982:202; Meyer, 1957:18; Palmer, 1978:7).

In teenstelling met die skole van die middelkolonies het die skole in die suidelike kolonies die lewe van die aristokratiese grondeienaars weerspieël. Die aristokratiese grondeienaars van Virginia het opvoedende onderwys van hulle kinders beskou as 'n privaat onderneming

wat nie deur die staat beheer word nie. Die ouers het hulle kinders privaat laat onderrig of andersins is die kinders na Brittanje gestuur om daar onderwys te ontvang. Ten opsigte van die beheer van die verskillende ouergemeenskappe in die opvoedende onderwys het die skole ook van mekaar verskil. Dit het gewissel van die tradisionele tot volksvreemde beheer (Ellis *et al.*, 1981:122; Fantini, 1976:94).

Die Britse merkantilistiese stelsel wat die welvaart van die Amerikaanse burgers aan bande gelê het, was grootliks die oorsaak van die Amerikaanse Revolusie (1776-1781). As gevolg van die Amerikaanse Revolusie is die onderwys in verskeie dele van Noord-Amerika tydelik ontwrig (Brickman, 1964:7).

Die gebeurtenisse wat gepaard gegaan het met die bereiking van onafhanklikheid in 1776 en losmaking van Brittanje se oorheersing het tot gevolg gehad dat die Amerikaners 'n prys moes betaal ten koste van hulle kinders se opvoedende onderwys. Die stryd om onafhanklikheid het die ekonomie van die kolonies negatief beïnvloed, terwyl die opvoedende onderwys van kinders nie hoog op die prioriteitslys van die Verenigde State van Amerika was nie (Ellis *et al.*, 1981:123).

Die nuwe Konstitusie van 1787 het ook nie direk verwys na die onderwys nie. Slegs twee van die tien amendemente het onregstreeks na die opvoedende onderwys verwys. Die amendemente wat bekend staan as die "Bill of Rights" is vandag nog van toepassing. Dit bepaal dat die Kongres geen wet sal uitvaardig wat enige geloof sal voorstaan of die beoefening van 'n geloof sal verbied in die onderwys nie (Ellis *et al.*, 1981:123).

Die tiende amendement bepaal dat alle gesag wat nie deur die Konstitusie aan die Staat toegewys is nie, respektiewelik aan die kolonies (state) en die volk toegewys moet word. Dit impliseer dat 'n stelsel van desentralisasie moes plaasvind (Ellis *et al.*, 1981:123).

Stelselmatig is ingesien dat die staat, eerder as die kerk, vir onderwys verantwoordelik moes wees. Welsynskole en later openbare skole, het voorsien in die onderwysbehoeftes van die kinders. Alhoewel sekularisme mettertyd toegeneem het, het Puritanisme teen die begin van die negentiende eeu nog onderwysteorie en -praktyk oorheers (Dutton *et al.*, 1913:15; Good *et al.*, 1969:450; Lucas, 1972:493).

Die tydperk tussen 1800 en 1865 is gekenmerk deur pogings om eenvormige onderwys in te stel, met die doel dat die Amerikaanse volk kon verenig. Van die ouers en opvoedkundiges se kant het 'n pleidooi gekom dat 'n onderwysstelsel vir gelyke geleenthede ingestel

moes word. Die oproep vir gratis onderwys is in 1865 beloon toe belasting ingestel is om die onderwys te ondersteun (Ellis *et al.*, 1981:125).

Die eerste staatsbeheerde openbare skole is in 1837 deur Horace Mann (1796-1859) gestig. Hy het die grondslag gelê vir die sogenaamde "neutrale" onderwys waarin geloof, waardes en feite van mekaar geskei word (Schindler, 1979:17).

Teen ongeveer 1832 het die industriële rewolusie in die VSA begin, wat mettertyd 'n totale verandering op die kontinent teweeg gebring het. Meer immigrante het gekom en dorpe en stede het ontwikkel. Verstedeliking en industrialisasie was kenmerke van die VSA se ontwikkeling. Hiermee saam het geweldige sosiale probleme, soos krotbuurtes, meganisasie van arbeid wat persoonlike individualisme laat verdwyn het, ontstaan. Aan die ander kant was daar ook voordele, soos verhoging van lewenstandaard, waardeur ook die opvoedende onderwys positief beïnvloed is (Lee, 1960:6).

Na die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) is 'n tydperk betree waar die noordelike state uitgebrei het terwyl die suidelike state besig was met heropbouing. Die tydperk is ook gekenmerk deur industriële ontwikkeling en die invloei van 'n groot hoeveelheid immigrante. Die gebeurlikhede het dit genoodsaak dat daar meer aandag geskenk moes word aan die oprigting van meer skole (Ellis *et al.*, 1981:128).

In die tydperk van uitbreiding wat tot aan die einde van die negentiende eeu geduur het, het daar persone na vore getree wat 'n aandeel gehad het in die uitbouing van 'n unieke Amerikaanse onderwysstelsel. Van die persone wat elk 'n bydrae gelewer het tot die filosofie, sielkunde en onderrigmetodes van onderwys was William T. Harris, G. Stanley Hall en Edward L. Thorndike. Die persoon wat moontlik die grootste invloed uitgeoefen het op die opvoedende onderwys in Amerika was John Dewey (Ellis *et al.*, 1981:129).

Die filosofie van die sogenaamde "neutrale" onderwys het tot gevolg gehad dat die Amerikaanse Hooggeregshof in 1963 gebed en Bybellees in die staatskole verbied het. Die Noord-Amerikaanse onderwystoneel is gekenmerk deur 'n toenemende ontevredenheid met die openbare skoolstelsel. Teen die agtergrond was dit nie vreemd dat 'n Christelike skoolbeweging van stapel gestuur is nie (Carper, 1983:136).

Die ouerverenigings was alreeds vanaf 1897 aktief betrokke by die opvoedende onderwys, welvaart en beskerming van hulle kinders. Vanaf die twintigste eeu is daar ook meer aandag geskenk aan die georganiseerde ouerverenigings soos die "Parent-Teacher Association" (PTA) (Fawcett *et al.*, 1983:296; Sparling, 1980:23ff).

## 4.3 ONVOORWAARDELIKE AANVAARDING

### 4.3.1 Aanvaarding van die kind gedurende die Koloniale tydperk (1607-1783)

Met die eerste volksverhuising na die Nuwe Wêreld het sommige Europese ouers hulle kinders vir die eerste keer "ontdek". Hierdie "ontdekking" van die kinders het die intuïtiewe besef by die ouers laat ontstaan dat hulle hul kinders onvoorwaardelik moes aanvaar, gevolglik het die ouers meer aandag aan hulle kinders se opvoedende onderwys gegee. Uit familieportrette van die tydperk kan die afleiding gemaak word dat die aandag op die kind gesentreer is as die kern van die gesin (Allen, 1975:118).

Verder blyk dit ook dat die Puriteinse ouers wat in die New England-kolonies woonagtig was, hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het volgens die riglyne van die Heilige Skrif. Dit was vir die ouers uiters belangrik dat hulle kinders moes leer lees sodat hulle die voorreg kon smaak om hul goddelike geboortereg uit te leef deur self die Skrif te lees en te ondersoek as individuele verbondskinders. Die koloniste-ouers het hulle kinders as unieke Godgegewe skepsele aanvaar omdat hulle diep godsdienstige geloof gerig was op die redding van die individuele mens (Crow, 1966:7).

Gedurende die koloniale tydperk was die opvoedende onderwys daarop gemik om die individu op te voed in 'n spesifieke sosiale rol. Familie, gemeenskap en kerk was gesamentlik daarvoor verantwoordelik om onder andere die Engelse kultuur in sommige kolonies te laat deursuurdeeg. Doelgerigte opvoeding en beskaafde onderwys het 'n belangrike rol in die kinders se opvoeding gespeel, wat aantoon dat die ouers en die gemeenskap die kinders as unieke mense aanvaar het (Bailyn, 1960:18-19).

Vroeg in die agtiende eeu het die besef tot die ouers deurgedring dat daar nie net na die uiterlike godsdiens teruggekeer moes word nie, maar dat die individu se belangrikheid vir God meer beklemtoon moes word ongeag sy sosiale status. Die opvoedende onderwys was daarop gerig dat die kind as individu aanvaar moes word om sodoende sy ideale te probeer verwesenlik (Crow, 1966:12).

'n Voorbeeld uit die praktyk ten opsigte van die aanvaarding van die kind kan geneem word uit Cotton Mather se "Diary" van 1706. Hierin het hy aangedui in hoe 'n mate hy as vader sy kinders onvoorwaardelik aanvaar het. Ten eerste het hy as vader sy kinders bewus gemaak van sy vaderlike liefde vir hulle as kinders en dat hy die beste oordeel het van wat goed was vir hulle. Hierna het hy hulle deur liefde en begrip gelei tot 'n positiewe selfbeeld (Cremin, 1970:487).

So het Ira Mayhew, superintendent van onderwys, in 1748 die ouers by implikasie daarop gewys dat hulle deur hul Christenskap hul kinders moes lei tot 'n goeie lewe, asook die noodsaaklikheid van betrokkenheid in hul kinders se opvoedende onderwys. Hy het ook verder daarop gewys dat opvoedende onderwys nie net die geloof is in sekere tradisies en gebruike nie, maar die onvoorwaardelike aanvaarding van die individuele mens, met ander woorde die kind in opvoeding (Cremin, 1970:293).

### 4.3.2 Aanvaarding van die kind gedurende die tydperk 1783 tot 1865

'n Kenmerk van die negentiende eeu was dat die ouers hulle kinders opgevoed het in liefde en nie deur vrees nie. Die kind is in liefde aanvaar en nie beskou as iets wat ingebreek moes word nie. Die moeder het hier baie sterk na vore getree omdat die vader meermale uithuisig was weens sy werksomstandighede (Church, 1976:87).

Teen die middel van die negentiende eeu is die kinders meer en meer aanvaar as individue omdat die gemeenskap die kinders beskou het as die afbeelding van die gesin waaruit hulle afkomstig was. Groter vertroue is gestel in die moontlikhede van die kinders en hulle is beskou as die toekoms van die land. Die Amerikaanse ouers het ook hoë verwagtings van hulle kinders gekoester, wat dui op die aanvaarding van die kinders se potensiaal en individualiteit (Hechinger *et al.*, 1975:172).

Die tendens dat die kinders onvoorwaardelik aanvaar is het voortgeduur as gelet word op die waarnemings in die jare 1860:Vaders en seuns het spontaan saam gesing en gesels en daar was geen ingetoënheid te bespeur tussen hulle nie. Die vaders het nie probeer om hulle status as ouers op hulle kinders te probeer afdwing nie. Die algemene indruk is dat die vaders en seuns mekaar wedersyds aanvaar het. Dit dui daarop dat die vaders hulle seuns as unieke mense aanvaar het (Hechinger *et al.*, 1975:173).

By implikasie het Horace Mann (1796-1859) die Amerikaanse ouers bewus gemaak van die feit dat hulle hul kinders onvoorwaardelik moes aanvaar. Volgens Mann (1867:197-198) was daar nie plek vir klasseskeiding in die onderwys nie en in aansluiting hierby was die Amerikaners se lewensopvatting in die nuwe wêreld dat alle mense vry en gelykwaardig geskep is deur God (Eby, 1952:547).

Na Emerson (1803-1882) wat die belangrikheid van respek en aanvaarding van die kind voorgestaan het, is daar 'n tydperk waar die kind nie onvoorwaardelik aanvaar was nie. Deur Spock se toedoen het aanvaarding in die kind se opvoedende onderwys weer tot sy

reg gekom. Net soos Emerson wou hy dat ouers opvoedende onderwys aan hulle kinders verskaf deur liefde en aanvaarding (Hechinger *et al.*, 1975:229).

### 4.3.3 Aanvaarding van die kind gedurende die tydperk 1865 tot 1991

Dit blyk dat daar vanaf 1865 nog Amerikaanse ouers was wat met hulle opvoedende onderwys sterk gebind was aan die Europese en Engelse tradisies. Vir die Amerikaners was die familie die spil waarom die hele gemeenskap gedraai het. Die feit dat ouers en die gemeenskap 'n versekerde toekoms vir hulle kinders gesien het deur doelgerigte opvoedende onderwys, is bewys daarvan dat hulle hul kinders onvoorwaardelik aanvaar het (Power, 1979:56).

John Dewey (1859-1952) het by implikasie die ouers bewus gemaak van die aanvaarding van hulle kinders deur opvoedende onderwys. Ten eerste moes die individu deur die opvoedende onderwys gestimileer word. Daarna moes die individu se natuurlike aanleg, sonder om hom slaafs ondergeskik te maak, aangewend word tot voordeel van die gemeenskap (Schwartz, 1969:35,36).

Daar word in Amerika redelik algemeen aanvaar dat 'n ouer en veral die vader 'n geleentheid gebied moet word om sy kind beter te leer ken. Die uitgangspunt van die ouers blyk te wees dat meerdere kennis van die kind se uniekheid aanvaarding deur die ouer baie makliker maak. Om na enkele voorbeelde te verwys, word die geval van 'n skoolhoof van die Mary Finn skool in Southboro, Massachusetts wat 'n projek in 1981 geloods het om ouers meer betrokke te maak by hulle kinders se opvoedende onderwys, voorgehou. Die hoof se uitgangspunt was om die familie by die skool bymekaar te bring vir 'n smaaklike ete. By die ete word 'n goeie gesindheid gekweek tussen huis en skool. Die ouers kry dan ook geleentheid om hulle kinders in die skoolatmosfeer waar te neem (Coit, 1981:34).

Verder het navorsers soos White en Watts (1973:242) in die opvoedende onderwys van die kind, die aanvaarding van die kind deur sy ouers as baie belangrik beskou. Dit was vir die navorsers belangrik in hoe 'n mate kinders die moedertaal aanleer deur die ouers se bystand. Die liggaamlike vaardighede sowel as die sosiale ontwikkeling van die kind wat terselfdertyd as individu erken word, moet deur die ouers in ag geneem word by die opvoedende onderwys. White en Watts was van mening dat die betrokkenheid van die ouer 'n groot rol speel in die kind se opvoedende onderwys (Morrison, 1978:7).

Met die ontstaan van die Christian Day School Movement, ook bekend as die New Right, is die ouers weer bewus gemaak van die feit dat hulle hul kinders moes aanvaar as mense

en dat hulle kinders ten volle in staat is om te antwoord op God se roeping. Die siening dat kinders van nature net goed of sleg is, word verwerp ten gunste van 'n beeld van die mens (kind) as sondaar wat weer in Christus in die regte religieuse verhouding met God gestel is (Van der Walt *et al.*, 1987:13).

## 4.4 BESKIKBAARHEID VAN DIE OUER

### 4.4.1 Beskikbaarheid van die ouer tydens die Koloniale Tydperk (1607-1783)

Gedurende die koloniale tydperk het die ouers hulself beskikbaar gestel ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Met die yl bewoning van die streke is formele en georganiseerde onderwys (eerste skole) bemoeilik en selfs onmoontlik gemaak en was die kinders se opvoedende onderwys op die beskikbaarheid van hulle ouers aangewese (Brickman, 1964:3; Johnson *et al.*, 1979:184; Monroe, 1940:3).

Skoolbywoning was feitlik onmoontlik. Georganiseerde onderwys was dus in die beginjare grootliks 'n tydelike en sporadiese aangeleentheid. Volgens Monroe (1940:3) was die leerskool vir opvoedende onderwys aanvanklik gesetel in die omgewing en leefwêreld self: in die huis, in die kerk, op see en op die landerye. Die opvoedende onderwys moes in die basiese behoeftes voorsien, byvoorbeeld godsdiensonderrig, om te lees en te skryf en om te kan rekene doen (Johnson *et al.*, 1979:184).

Met die promulgering van die Virginia Wet van 1631 was 'n verantwoordelikheid aan die ouers opgedra om hulle kinders na kerke toe te stuur vir onderwys. Die koloniale tydperk was gekenmerk deur die belangstelling wat die ouers getoon het in die opvoedende onderwys van hul kinders asook 'n toename van belangstelling in die opvoedende onderwys van ander kinders buite hulle huisgesinne. Fondse is ook beskikbaar gestel ten behoewe van die opvoedende onderwys van die behoeftige kinders (Good *et al.*, 1973:439-440).

Die Amerikaanse skool is vanaf die vroegste dae geskoei op gemeenskapsbetrokkenheid. Die ouers het gepoog om aan die gemeenskapverwagtinge te voldoen deur hulself beskikbaar te stel, al was dit slegs deur finansiële bydraes. In New England was die dorpsrade sedert 1642 deur wetgewing verplig om die skole te help. Gemeenskappe wat uit minstens vyftig gesinne bestaan het, moes 'n onderwyser uit hulle geledere aanstel, sorg dat hy betaal word en dat opvoedende onderwys plaasvind (King, 1973:279; Johnson *et al.*, 1979:186; Schwartz, 1964:21, 22).

Die finansiële beskikbaarheid van die ouers het in die verskeie kolonies van mekaar verskil. In Pennsylvania het die ouers byvoorbeeld drie gulden per kwartaal aan die onderwyser betaal om die kind te leer lees en vier gulden vir elke kind wat geleer word om te skryf. Hierteenoor het die koloniste ouers in New England en Chesapeake Bay wat hulle kinders volgens die Engelse tradisies wou grootmaak, grond aan die skool geskenk wat hulle kon uithuur om sodoende fondse te bekom (Allen, 1981:120; Palmer, 1978:54).

Die Massachusetts Wet van 1642 was van die eerste wette wat in Amerika ingestel is om opvoedende onderwys amptelik moontlik te maak vir die kinders. Die stadsvaders moes toesien dat aan die vereistes van die wet voldoen word. As die ouers hulself nie beskikbaar gestel het om aan hulle kinders 'n ambag te leer of om hulle te laat onderrig in lees sodat die kinders hulle godsdiens sowel as hulle wette kon verstaan nie, kon die ouers beboet word. Die kinders kon selfs van die huis weggeneem en in die sorg van 'n onderwyser geplaas word (Power, 1970:542).

John Cotton wat die eerste onderwyser van die kerk in Boston was, se kleinseun Josiah (1680-1756) bevestig dat die ouers van die tydperk hulself beskikbaar gestel het vir hul kinders se opvoedende onderwys met die volgende woorde: "however I quickly learned to read, without going to any school I remember" (Cremin, 1970:128).

Die ouers se beskikbaarheid ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys het verskil van kolonie tot kolonie. Terwyl die Puriteinse moeders in New England hulle kinders geleer lees en skryf het, het die ouers in die suide meestal 'n privaat onderwyser aangestel om die opvoedende onderwys van hulle kinders waar te neem (Palmer, 1978:33,58).

Gedurende die koloniale tydperk was die ouers geredelik beskikbaar ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Albei die ouers het hulself beskikbaar gestel om aandag te skenk aan die onderwys van hulle kinders. Leesonderrig was aan die orde van die dag in menige koloniale huisgesinne (Cremin, 1970:128).

Voortspruitend hieruit was die onderwys gedurende die agtiende eeu hoofsaaklik gerig op lees- en skryfskole. Die sogenaamde "dame schools" het hulle ontstaan daaraan te danke dat moeders hul eie kinders en selfs die bure se kinders, bo en behalwe hul eie huishoudelike take, onderwys het. Nieteenstaande die feit dat die moeders besig was met hulle huishoudelike take, het hulle tog hulle weg oopgesien om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys (Wynn *et al.*, 1977:136).

### 4.4.2 Beskikbaarheid van die ouer tydens die tydperk 1783 tot 1865

In die tydperk net na 1783 was die ekonomie selfonderhoudend en het die Amerikaanse vaders hulself beskikbaar gestel om aan hulle seuns opvoedende onderwys te verskaf deur hulle in veelvuldige vaardighede soos vereis vir die bestuur van die huishouding, boerdery en besigheid, te bekwaam, terwyl die dogters deur hulle moeders onderwys is (Cremin, 1970:133). Dit dui daarop dat die Amerikaanse ouers in die tydperk hulself beskikbaar gestel het om betrokke te wees vir hulle kinders se opvoedende onderwys.

Eers in 1826 het die staat van Massachusetts 'n wet geproklameer wat die ouers die geleentheid gebied het om hulself beskikbaar te stel om op 'n skoolkomitee te dien. Die skoolkomitee se verantwoordelikhede was onder andere om die lengte van die skooltermyn te bepaal asook die keuring van die handboeke vir hulle kinders (Hughes, 1970:241).

Die konsep van gratis onderwys het sy beslag gekry onder leiding van veral 'n persoon soos Horace Mann gedurende die 1830's en 1840's. Mann was van mening dat gratis opvoedende onderwys 'n teenvoeter sou wees teen gepeupelheerskappy ("mobocracy"). Hy kan beskou word as die vader van die openbare of publieke skole, wat verantwoordelik was vir die vestiging van staatsondersteunde en -gekontroleerde skole. Die ouers het blykbaar die skool as 'n staatskool begin sien en nie meer 'n ouerskool nie en daarom oorgenus en onbetrokke begin raak ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys (Schwartz, 1969:27,29).

Tydens die ontstaan van die "common schools" in die negentiende eeu het die onderwysleiers besluit om die geld wat vir onderwys bewillig is nie onder die verskillende kerkgroepe te verdeel nie, maar om skole te stig los van die kerke en verpligtend vir almal. Hierdie skole was grootliks gratis en oop vir almal, met gelyke geleenthede aan almal. Die ouers was al minder finansieel betrek by die skole wat aanleiding daartoe gegee het dat hulle ook minder betrokke geraak het by die opvoedende onderwys van hulle kinders by skole (Counts, 1974:340-341).

Die tydperk tussen 1820 en 1860 is gekenmerk deur die feit dat die moeder ook beskikbaar moes wees om die vader se plek vol te staan. Met toenemende industrialisasie en 'n neiging tot verstedeliking, was die vaders minder beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die moeders se invloed en verantwoordelikhede het geweldig toegeneem as gevolg van die verdwyning van die vaderfiguur in die funksionering van die huisgesin (Hechinger *et al.*, 1975:171).

Die Staat het in 1860 weer die ouers beperk ten opsigte van hul betrokkenheid as skool-komiteelede. Sekere verantwoordelikhede van die skoolkomitee is weer aan die staat of superintendent van onderwys toegewys. Die ontneming van verantwoordelikhede soos die keuring van handboeke en die bepaling van die lengte van die skooltermyn het die ouers beperk in hul betrokkenheid ten opsigte van hul kinders se opvoedende onderwys (Drake, 1955:237).

### 4.4.3 Beskikbaarheid van die ouer tydens die tydperk 1865 tot 1991

Industrialisasie het gedurende die beginjare van die twintigste eeu 'n verandering in die sosiale patroon van die Verenigde State van Amerika teweeg gebring. Die organisasie, kurrikulum en onderwysmetodes van die destydse gemeenskapskole het van buite die klas-lokaal gekom, met ander woorde vanuit die gemeenskap. Hieruit word afgelei dat groter ouerbetrokkenheid aan die orde van die dag was en dat die ouers hulself beskikbaar gestel het ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Deur samelewingsverbande soos byvoorbeeld die bedrywe en kerke, het die ouers hulself beskikbaar gestel om aan hulle kinders opvoedende onderwys te verskaf deur gebruik te maak van die howe, markte, museums, parke, teaters en ander opvoedkundige instelling in die gemeenskap (Fantini, 1976:12).

Die voorafgaande inligting kan blykbaar nie veralgemeen word as op die volgende feite gelet word nie. Met die aanvang van die twintigste eeu was John Dewey aan die voorpunt om die bestaande skoolstelsel te kritiseer. Hy propageer die idee van 'n skool waar die kind die sentrale plek sou inneem. Die "nuwe skool" was die middelpunt van die ge-meenskap, waarin die ouers, onderwysers en kinders elk 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van die opvoedende onderwysprogram gespeel het. Dit het die ouers weer bewus gemaak van die geleenthede wat gebied word om hulself beskikbaar te stel vir hul kinders se opvoedende onderwys (Drake, 1955:455).

Die snel veranderende tegnologie gedurende die twintigste eeu het mettertyd die ouers se rol in die gesin aangrypend verander. Die verskuiwing van die landbou na die nywerheid het tot gevolg gehad dat die vader meermale werk moes aanvaar wat hom nie so beskikbaar gestel het vir sy kinders se opvoedende onderwys nie, terwyl die moeder ook die arbeidsmark moes betree en sodoende ook minder beskikbaar kon wees vir haar kinders se opvoedende onderwys (Counts, 1952:154).

Waar die gesinne gedurende die begin van die twintigste eeu redelik baie na die stad verhuis het vir geskikte huisvesting, moes daar gedurig aanpassings gemaak word ten opsigte

van die verskillende kulture en agtergrond van die gemeenskap. Dit blyk verder dat die ouers begin versuim het om hulle kinders by te staan ten opsigte van hulle opvoedende onderwys omdat hulle klaarblyklik gevoel het dat dit die skool se verantwoordelikheid was (Dropkin, 1966:226).

Sedert 1966 was daar tekens dat die ouers se belangstelling en betrokkenheid in die nasionale ouerverenigings begin taan het. Lidmaatskap van die "National Congress of Parents and Teachers" het van twaalf miljoen tot sewe miljoen afgeneem. Ook die plaaslike ouerverenigingstakke (PTA) het afgeneem van 46 000 tot 35 000. 'n Gebrek aan belangstelling ten opsigte van die bywoning van die PTA-vergaderings is ook te bespeur sedert 1974. Die onbetrokkenheid van die ouers kan toegeskryf word aan 'n "hands-off" houding van die skool teenoor die ouers (Wynn *et al.*, 1977:335).

Nieteenstaande die voorafgaande was daar vanaf 1970 kwaliteit ouerbelangstelling by hulle kinders se opvoedende onderwys sigbaar. Ouers het hulle hulp aangebied om die skole en die onderwysers behulpsaam te wees. Die ouers was betrokke by die skool deur middel van maandelikse samekomste, vergaderings, groepbesprekings, hulpverleners by taalstudies, musiek, kuns, literatuur en opvoedkundige uitstappies (Fantini, 1976:287; Ellis *et al.*, 1981:136).

Sedert die totstandkoming van ouer-onderwysersverenigings in 1817 het die ouers meer georganiseerd geraak ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Dit het daartoe gelei dat daar in die twintigste eeu op georganiseerde basis meer geleenthede vir die ouers geskep is om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Hierdie georganiseerde ouervereniging wat bekend gestaan het as die "Parent-Teacher Association" (PTA) se naam is later verander na "Home and School Association" om ook die kind te betrek by die organisasie (Fawcett, 1983:296).

Gedurende die twintigste eeu het sommige Amerikaanse ouers, vaders sowel as moeders, deur die PTA groter verantwoordelikhede vir hulle kinders se opvoedende onderwys aanvaar en hulself meer beskikbaar gestel. Omdat die PTA se krag geleë was in sy individuele lede (ouers) het dit inspraak op nasionale en staatsvlak verkry (Kritzinger, 1984:64; Manning, 1984:52).

Fernandez (1980:15) wys daarop dat sommige ouers in die Verenigde State van Amerika om bepaalde redes nie na behore betrokke was by die opvoedende onderwys van hulle kinders nie. Hy onderskei drie groepe ouers in die VSA ten opsigte van die ouers se beskikbaarstelling vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die eerste groep ouers is

gewillig om ten volle beskikbaar te wees by hulle kinders se opvoedende onderwys. Waar die tweede groep slegs periodiek en beperkend beskikbaar is, staan die derde groep ouers afsydig en selfs negatief teenoor die opvoedende onderwys van hulle kinders.

Aan die meer positiewe kant is dit ook so dat die ouers in die VSA selfs professionele hulp aan onderwysers verleen by lees- en skryfonderrig, asook ander terreine waarin hulle as ouers spesialiseer (Wicks, 1977:49).

Die ouers van die Christelike skole (van die Christian Day Movement) se beskikbaarheid ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys het toegeneem omdat hulle verantwoordelik is om vir die finansiële instandhouding van hulle skole (Van der Walt *et al.*, 1987:8).

## 4.5 SKEP VAN GEBORGENHEIDSRUIMTE DEUR DIE OUER

### 4.5.1 Skepping van geborgenheidsruimte gedurende die Koloniale tydperk (1607-1783)

Vroeg in die 17de eeu was die koloniale huisgesin die kern van opvoedende onderwys. Die huisgesin was nie slegs verantwoordelik vir die verskaffing van voedsel en klere nie maar het ook aan die kinders 'n plek in die gemeenskap verskaf; dit het ook gedien as kerk, speelterrein, fabriek, weermag en hof. Nieteenstaande die genoemde funksies wat dit verrig het, het die huisgesin die kind voorberei op die nuutste ontwikkelings en uitdagings in die gemeenskap. Hieruit kan afgelei word dat die koloniale ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders probeer skep het (Cremin, 1970:113).

Die koloniste-ouers het besef dat die opvoedende onderwys in die nuwe vaderland stadig en deurentyd moeilik sou wees. Wat die verantwoordelikhede ten opsigte van opvoedende onderwys vir die ouers nog groter gemaak het, was die besef dat hulle eenvoudige mense was wie se kennis maar beperk was ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers het hulle in hulle opvoedingstaak deur intuïsie en 'n vaste geloof in God en Sy Woord laat lei. Sodanige opvoeding het bygedra tot 'n geborge huislike atmosfeer (Power, 1979:62).

Gedurende die koloniale tydperk het die ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders probeer skep deur aan die ou tradisies van hul voorvaders vanuit Engeland en ander Europese lande vas te hou. Die armer families het tweevertrekhuisies besit, waarin die familie in 'n noue kring saamgeleef het. Die huis was 'n werks- sowel as 'n leefruimte,

waarin die kinders opvoedende onderwys ontvang het. Selfs in die meer gegoede huisgesinne het die ouers nie nagelaat om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep nie. In dié families is gesamentlike pogings aangewend om aan die kinders gespesialiseerde handvaardighede te leer, wat die huis ook die leefruimte gemaak het waarin die kind in geborgenheid sy opvoedende onderwys kon ontvang (Power, 1979:64).

Die staat het so vroeg as 1649 ingemeng in familie-aangeleenthede deur die belange van die gemeenskap bo dié van die huisgesin se verantwoordelikhede te plaas. Die staat het die ouers gestraf indien die kinders nie die nodige opvoedende onderwys ontvang het nie. Kinders wat byvoorbeeld nie die alfabet geken het nie, is uit die huis geneem en by ander families geplaas. Die praktyk kon daartoe aanleiding gegee het dat kinders nie meer voorsien was van 'n geborge leefruimte nie. Die staat was nie alleen verantwoordelik vir die toedrag van sake dat daar nie 'n geborgenheidsruimte vir die kinders geskep is nie. So het selfs van die meer gegoede ouers hulle kinders na ander families gestuur om opvoedende onderwys te ontvang. Die gevolge hiervan kon daartoe gelei het dat die kinders in 'n ongeborge ruimte moes grootword (Allen, 1981:120).

### 4.5.2 Skepping van geborgenheidsruimte tydens die tydperk 1783 tot 1865

Gedurende die agtiende eeu was die vader nog steeds die gesag in die huis. Die huishouding en opvoedende onderwys van kinders is dikwels gereël deur die vader as alleenheerser en nie deur 'n liefdevolle familiekring nie. Die dissipline was oor die algemeen streng en die ouers se mening was dat 'n kind net gesien moes word en nie gehoor nie (Brubacher, 1966:351).

Teen die einde van die agtiende eeu het die ontwikkeling van die markte en ekonomie 'n groot invloed op die Amerikaanse lewens uitgeoefen. Godsdiens is nie meer so ernstig beoefen nie, en dit het daartoe aanleiding gegee dat kinders ver verwyder was van die Protestanse denke wat hulle moes veranker aan Gods Woord. Die gesin het ook sy houvas op die gemeenskapslewe verloor en hulle daaruit onttrek. Gedurende die beginstadium van die tydperk was die moeder die behoud van die gesin, nieteenstaande die veranderde rol wat sy moes vervul. Met die vaders wat meestal uithuisig was weens hulle werksomstandighede moes die moeders ook die rol van die vaders probeer vervul. Omdat die ouers nie meer die nodige opvoedende onderwys aan hulle kinders kon verskaf nie, kon hulle ook nie 'n veilige ruimte vir hulle kinders skep nie (Allen, 1981:126,130).

Tydens die Industriële Revolusie het daar geleidelik 'n verandering ingetree ten opsigte van die ouer se rol as gesagsdraer. Met die omstandighede waarin die kinders hulself

bevind het, naamlik dat die huis net as slaapplek gedien het vir die ouers, het die kinders in 'n ruimte van ongeborgenheid groot geword. Omdat die vader en moeder min tyd by die huis deurgebring het as gevolg van hulle werksomstandighede, kon die ouers nie meer hulle ouerlike verantwoordelikhede nakom nie en het die skool meer en meer die ouerlike pligte probeer oorneem (Brubacher, 1966:352).

Industrialisasie het verder daartoe gelei dat die ouers se rolle verander het. Omdat die vader meermale 'n ander heenkome moes vind in groter dorpe, was die voorreg van gesinsdeelname hom ontneem. Verder het dit meegebring dat die moeder wat self min by die huis was,die een was wat gesinsbesluite moes neem ten opsigte van haar kinders se opvoedende onderwys. Die omstandighede het daartoe gelei dat daar 'n behoefte in die gesin ontstaan het aan intiemer verhoudings asook meer emosionele en intenser gesinsbande. Waar liefde in elke gesin moet seëvier, was die geleentheid tot die skep van 'n geborgenheidsruimte soveel minder in die omstandighede (Hughes, 1970:274).

### 4.5.3 Skepping van geborgenheidsruimte tydens die tydperk 1865 tot 1991

Na die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) het die VSA gesukkel om weer na normaliteit terug te keer. Skole is verwoes en daar was nie finansies om die toestand te herstel nie. Die ouers se geloof in die waarde van die opvoeding het egter nie gekwyn nie. Die Amerikaanse ouers het begin saamstaan. Hulle het probeer om die formele sowel as die informele onderwys van hulle kinders te verbeter. Eerstens het hulle beter elementêre skoolkurrikula voorgestel, want elementêre opvoeding was binne bereik van die meeste plattelanders en tweedens het hulle gepleit vir die invoeging van meer praktiese vakke sowel as tradisionele akademiese dissiplines. Met die verwerkliking van die doelwitte kon die kinders in meer geborgenheid skoolgaan (Lucas, 1972:509-511).

In 1920 het die Amerikaanse ouers, veral die middelklas moeders en die behoeftige immigrante-ouers, begin swig voor die publieke mening. Omdat die ouers deur sogenaamde kenners onder die indruk gebring is dat hulle hul kinders moes aanmoedig om weg te groei van die huis af, het daar 'n gebrek aan geborgenheid in die gesinne ontstaan. Die "Americanization Division of the Bureau of Education in the United States Department of the Interior" was grootliks daarvoor verantwoordelik dat die ouers afsydig gestaan het teenoor hulle kinders. Dit is veroorsaak deur 'n verslag wat gepubliseer is waarin die onbetrokkenheid van die ouers voorgestaan is (Hechinger *et al.*, 1975:225).

Dit blyk dat die Amerikaanse moeders in 1933 besig was om die invloed wat hulle op hulle kinders uitgeoefen het, te verloor. Die moeders het min of selfs geen beheer oor

hulle kinders gehad nie en die skole was besig om die kinders uit hulle hande te neem. Die kinders se standaarde en ideale was in die skool met die hulp van die onderwysers en klasmaats gevorm. Hierdie toestand van sake het daartoe gelei dat die kinders ongeborge gevoel het in die teenwoordigheid van hulle ouers. Deur die ouers se onbetrokkenheid het hulle hul kinders weerhou daarvan om in 'n geborgenheidsruimte groot te word (Hechinger *et al.*, 1975:228).

Voor die Tweede Wêreldoorlog het die gesinne bestaan uit twee ouers, twee tot vier kinders en een of twee pare grootouers. As die grootouers nie ingewoon het nie, het hulle gewoonlik naby gebly. Die normale daaglikse gesinsroetine was dat die vader werk toe gegaan het terwyl die moeder die huishouding waargeneem het. Die moeder was normaalweg beskikbaar vir die kinders as hulle van die skool af gekom het. Die gesin het gewoonlik hulle etes saam genuttig en hulle vrye tyd saam deurgebring. In die omstandighede het die ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep (Callahan *et al.*, 1977:212).

Gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n verandering ten opsigte van die gesinspatroon en lewenstyl ingetree. Verstedeliking het veroorsaak dat gesinslede nie meer tyd in mekaar se geselskap deurgebring het nie. Die vader en moeder het meestal gewerk en dit het daartoe gelei dat die kinders moes inskakel by die georganiseerde gemeenskapslewe, terwyl die ouers hulle uitgeleef het in hulle eie lewensfeer. Die toedrag van sake het daartoe gelei dat daar min sprake kon wees van 'n geborgenheidsruimte wat vir die kinders geskep is (Callahan *et al.*, 1977:213).

Die Amerikaanse gesin is ook getref deur die snel veranderende tegnologie en die gepaardgaande ekonomiese druk. Die gesinne het kleiner begin word, wat aan die ouers die geleentheid gebied het om meer tyd en liefde aan hulle kinders te kon bestee. Dit blyk dat in die gesin die ouers, meestal die moeders, waarskynlik oorreageer het deur hulle kinders dalk te veel liefde te gee, met ander woorde, oorbeskerm het. Die oorbeskerming kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die vader as gesagsfiguur uit die gesin verdwyn het en die moeder hierdie verantwoordelikheid moes oorneem (Fawcett, 1983:118).

Volgens statistiese gegewens ten opsigte van die egskeidingsyfer in Amerika, het daar mettertyd gebroke gesinne ontstaan. Ter stawing van die voorafgaande stelling word slegs 'n paar statistieke aangehaal. In 1890 was die egskeidingsyfer in Amerika 0,5 per 1 000 mense. Die syfer het 'n hoogtepunt bereik in 1946 toe daar 4,3 egskeidings was per 1 000 mense. Gedurende die jare 1965 en 1966 was daar alleenlik 975 000 egskeidings in Amerika.

Die statistieke toon dat daar 'n groot aantal kinders was wat uit gebroke huisgesinne gekom het. Daar was dus vir baie kinders nie meer 'n volledige gesin waar hulle in geborgenheid kon lewe nie (Hughes, 1970:275).

## 4.6 DIE OUERS AS KULTUURDRAERS

### 4.6.1 Ouers as kultuurdraers tydens die Koloniale tydperk (1607-1783)

Die Amerikaanse kultuur kon nie onder een kombers toegegooi word nie, omdat omtrent elkeen van die vyftig state verskillende omstandighede, klimaatstoestande, geografieë en godsdienste gehad het. Met die omstandighede in ag genome was daar dus kulturele verskille. Waar die nedersetting in New England in landboudorpe saamgetrek was, was gemeenskapsbetrokkenheid aan die orde van die dag. Daarteenoor het die bewoners van byvoorbeeld Virginia op groot uitgestrekte plase ver van mekaar gebly, wat daartoe gelei het dat gemeenskapbetrokkenheid nie so sterk gefigureer het nie. Die verskille tussen hierdie state in Amerika het ook daartoe aanleiding gegee dat die ouers verskillende kulture aan hulle kinders oorgedra het (Meyer, 1957:16).

Die Amerikaanse koloniste-ouers wat gewoond was aan die Europese tradisies moes hulle lewens sowel as die van hulle kinders herorganiseer om aan te pas by die nuwe lewensomstandighede. Die Amerikaanse koloniste moes die nuwe kultuur wat besig was om te ontwikkel aan hulle kinders oordra (Power, 1979:23).

Tradisioneel was die koloniste onderwerp aan heelwat veranderings. Hulle moes byvoorbeeld afsien van hulle fyn kleredrag van Europa en hulle beroepe moes ook drasties verander teenoor die wat hulle beoefen het in hulle lande van herkoms. Al hierdie kultuurveranderings het 'n permanente invloed uitgeoefen op die karakter van die Amerikaanse lewenswyse. Hier het die ouers 'n baie groot invloed uitgeoefen op hulle kinders se kultuurontwikkeling deur die oordra van die veranderings (Power, 1979:25).

Die moeilike omstandighede waarin die koloniale gesinne gelewe het, het tot gevolg gehad dat daar min geleenthede was om te lees omdat elke lid van die gesin sy of haar deel moes bydra in die daaglikse take. Slegs enkele persone was in besit van lektuur, wat die ouers se taak verder bemoeilik het om dié aspek van kultuur aan hulle kinders oor te dra (Tyler, 1878:80-114).

Tussen die jare 1646 en 1769 was daar in Massachusetts Baai agt wette ten opsigte van opvoedende onderwys waarvan vyf boekonderrig beklemtoon het. Volgens die wette was die ouers verantwoordelik om hulle kinders te onderrig of te laat onderrig in Engels lees asook om kennis te dra van die wette. Die ouers is dus deur middel van wette op hulle verantwoordelikhede as kultuurdraers gewys (Power, 1979:61).

Gedurende 1654-1655 was handleidings vir die ouers ten opsigte van opvoedende onderwys in die kolonies soos byvoorbeeld Massachusetts aan die orde van die dag. Die ouers moes ook volgens die voorskrifte van die handleidings Christelike beginsels aan hulle kinders oordra. Die ouers moes hulle kinders onderrig om die Bybel te lees en hulle moes ook in alle opsigte dien as voorbeeld in vroomheid en wellewendheid (Cremin, 1970:52).

Nieteenstaande die groot verskeidenheid Christelike denominasies in Amerika het die koloniale ouers deur middel van die kerk ook opgetree as kultuurdraers. Behalwe vir die paar Rooms-Katolieke in Maryland was die oorgrote meerderheid van die noorde Protestante, terwyl die suide weer Anglikaans georiënteer was. In New England was die meerderheid inwoners Engelse Calviniste terwyl daar in New Netherland 'n groot verskeidenheid Nederlandse kerklike denominasies was (Meyer, 1957:17).

Sterk verteenwoordigende streekkulture het die koloniale ouers se taak as kultuurdraers baie bemoeilik. In die suide was dorpskole vir die ouers buite die kwessie omdat opvoedende onderwys byvoorbeeld in Viginia beskou is as 'n privaat aangeleentheid en nie die verantwoordelikheid van die staat nie. New Englandse ouers wou hulle kinders onafhanklik van Brittanje opvoed terwyl die suidelike aristokrate, wat hoofsaaklik Anglikaans was, hulle verbintenis met Brittanje wou behou (Meyer, 1957:18; Brickman,1964:7).

Volgens die Puriteinse tradisies was die vader die belangrikste gesagsdraer in die gesin en die moeder was daarvoor verantwoordelik om huis te hou en aan haar kinders opvoedende onderwys te verskaf. Daarteenoor het die suidelike aristokrate geglo dat die seun 'n volkome "gentleman" moes word. Daar is van hom verwag om te kan perdry, sing, dans, te kommunikeer en om vakke soos geskiedenis, wiskunde en Latyn te neem. Van die moeders en dogters is verwag om goeie geselskap te wees, mooi te lyk, te sing, dans en om te kan onthaal (Brickman, 1964:23).

Die taal wat die kinders aan moedersknie aangeleer het, het 'n bydrae gelewer tot die kinders se opvoedende onderwys. Engels as taal is oorwegend gebesig terwyl ander tale soos Nederlands ook 'n bydrae gelewer het om Amerikaans as taal 'n voller en ryker taal

te maak. Die verskeidenheid kulture wat gedurende die koloniale tydperk aanwesig was het gewis bygedra tot kultuurverryking (Power, 1979:32).

Die Amerikaanse koloniale ouers was oor die algemeen daarvoor verantwoordelik dat 'n "nuwe kultuur" aan hulle kinders oorgedra is. Die koloniale ouers en kinders het gesamentlik gebou aan dié nuwe kultuur deur die gesamentlike belewing van nuwe ervarings in 'n nuwe land (Cremin, 1970:136).

### 4.6.2 Ouers as kultuurdraers tydens die tydperk 1783 tot 1865

Gedurende die agtiende eeu het die ouers baie kulturele funksies namens die kerk en die skool vervul deur opvoedende onderwys aan hulle kinders te verskaf. Die gesin was nog die kulturele spil waarom die agtiende-eeuse koloniale samelewing gedraai het. Vir die meerderheid Amerikaanse ouers was die deurslaggewende faktor van opvoedende onderwys doelbewuste kultuuroordrag (Cremin, 1970:480).

Teen die einde van die agtiende eeu het godsdiens sy houvas op die Amerikaanse gesin begin verloor. Veral die meer gegoede Amerikaners het hulle godsdiens nie ernstig opgeneem nie. Die tendens kan toegeskryf word aan die inslag wat die groter wordende getal inwoners en die ontwikkeling van die markte en ekonomie op die Amerikaners se lewens uitgeoefen het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat baie van die Amerikaanse ouers nie hulle Christelike geloof aan die kinders oorgedra het nie (Allen, 1981:126).

Die toestand van sake het so voortgeduur tot die eerste helfte van die negentiende eeu, waar dit in die skole nog verder versleg het. Slegs een staat, naamlik Massachusetts, het toegelaat dat die Bybel in die skole gelees kon word. Die stryd oor die gebruik van die Bybel in openbare skole is selfs in die hof beslis. In die laaste helfte van die negentiende eeu is die lees van die Bybel in skole in geen staat toegelaat nie (Drake, 1955:265).

### 4.6.3 Ouers as kultuurdraers tydens die tydperk 1865 tot 1991

Met die invloei van immigrante tussen 1870 en 1910 is die ouers deur omstandighede gedwing om as kultuurdraers hulle plek vol te staan in die reeds gevestigde Amerikaanse kultuur. Die ouers moes waak dat die immigrante nie 'n te groot invloed op hulle kultuur en tradisies uitoefen nie (Rich, 1974:157).

John Dewey (1859-1952) het 'n weerstand laat ontwikkel teen die oorheersing van die godsdiens-gemotiveerde doel van die opvoedende onderwys. Vir Dewey was die skool

meer as 'n nasionale demokratiese instelling: dit was 'n kweekplek vir internasionalisme. Die invloed wat Dewey op die Amerikaanse gemeenskap uitgeoefen het, word weerspieël in die moderne strewe van gelykmaking, wêreldburgerskap en wêreldregering wat in die jare na die Tweede Wêreldoorlog na vore getree het. Dit blyk dus dat van die ouers sommige van die ou volkstradisies en kultuur oorboord gegooi het om van hulle kinders wêreldburgers te maak (Pistorius, 1965:186).

Verstedeliking het ook die rol van die moeder verander. Waar die moeder tradisioneel die tuisteskepper was en altyd beskikbaar was by die huis, moes sy nou uitspring om geld te verdien sodat daar aan die gesin se lewensbehoeftes voldoen kon word (Cox, 1961:62-63).

Sedert 1970 is die Noord-Amerikaanse onderwystoneel gekenmerk deur 'n toenemende ontevredenheid met die openbare skoolstelsel. Die Amerikaanse ouers se ontevredenheid spruit uit die sogenaamde neutrale onderwys waarin geloof, waardes en feite van mekaar geskei word. Die Christenouers sien nie die verbod op gebed en Bybellees in die staatskole as 'n poging om die skole ten opsigte van godsdienstige aangeleenthede neutraal te maak nie, maar eerder as die vestiging van sekulêre humanisme as godsdiens in die plek van die Christelike godsdiens. Omdat hierdie soort opvoedende onderwys in botsing was met die Christelike opvoeding wat die kind tuis en in die kerk ontvang, het die Christen-ouers in die VSA hulle gewend tot die alternatief van privaat Christelike skole om sodoende hul eie kultuur aan hulle kinders oor te dra (Carper, 1983:140).

## 4.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

### 4.7.1 Vooraf

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan historiese momente in die Amerikaanse onderwysstelsel wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van die kind illustreer.

Met die ondersoek van die Amerikaanse onderwysstelsel ten opsigte van die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys is gepoog om insigte bloot te lê wat moontlik met vrug in die onderwysstelsel van die RSA aangewend kan word. Van dié riglyne kom vervolgens aan die die orde.

### 4.7.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Gedurende die pionierstydperk was die gesin die kern van die opvoedende onderwys van die kind. Die tydperk is ook gekenmerk deur die feit dat die ouers hulle kinders meer geredelik *aanvaar* het omdat hulle hul land se toekoms in en deur hulle kinders gesien het. Veral die Puriteinse ouers het gedurende die koloniale tydperk hul kinders onvoorwaardelik aanvaar soos deur die Heilige Skrif voorgehou word. Omdat die ouers hulle kinders as Godgegewe skat beskou het, het hulle laasgenoemde ook as individue aanvaar (vergelyk paragraaf 4.3.1).

Wat opmerklik was gedurende die tydperk 1783-1865 was dat die moeder ingestaan het vir die vader wat meermale, weens werksomstandighede, uithuisig was. Die toestand van sake het daartoe gelei dat die vader nie so intens betrokke kon raak by die kind se opvoedende onderwys nie, met die gevolg dat genoegsame *aanvaarding* van die kind ook uitgebly het (vergelyk paragraaf 4.3.2).

In die tydperk na 1865 het die Amerikaanse ouers hulle kinders *aanvaar* omdat hulle hul kinders gesien het as die toekoms van die land. Die gesin het weer die kern gevorm van die gemeenskap. John Dewey se invloed op die opvoedende onderwys word sedert die begin van die twintigste eeu weerspieël in die gerigtheid van die opvoedende onderwys op die aanvaarding van die kind as individu. Kortliks kom die wese van Dewey se invloed daarop neer dat hy die ouers bewus gemaak het van die feit dat hulle kinders as individue gestimuleer moes word deur hulle natuurlike aanlegte aan te wend tot voordeel van die gemeenskap (vergelyk paragraaf 4.3.3).

### 4.7.3 Die beskikbaarheid van die ouers

Uit die beskikbare gegewens word tot die gevolgtrekking gekom dat streekkulture die oorsaak was dat die koloniale ouers nie eweveel *beskikbaar* was vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie. Waar die Puriteinse moeder haar beskikbaar gestel het vir die kinders se opvoedende onderwys, was die ouers in die Suide nie so beskikbaar vir hulle kinders nie, omdat hulle kinders deur privaat onderwysers of in Brittanje opvoedende onderwys ontvang het (vergelyk paragraaf 4.4.1).

Met die aanbreek van die tydperk (1783-1865) net na die koloniale tydperk was die ouers nog geredelik *beskikbaar* vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die vaders het omgesien na die behoeftes van hulle seuns terwyl die moeders en dogters die huishoudelike take verrig het. Vanaf 1830 het die ouers se beskikbaarheid vir hulle kinders se opvoedende

onderwys afgeneem, klaarblyklik omdat hulle die skool beskou het as 'n staatskool en nie meer 'n ouerskool nie. Selfs finansieel was die ouers minder betrokke by die opvoedende onderwys van hulle kinders omdat gratis onderwys verskaf is (vergelyk paragraaf 4.4.2).

Die tydperk is ook daardeur gekenmerk dat die vaderfiguur van die opvoedende onderwystoneel begin verdwyn het en dat die moeder die plek van die vader moes inneem. As gevolg van die toenemende industralisasie was die moeder verplig om uit te spring om te gaan verdien, wat tot gevolg gehad het dat sy nie meer so geredelik beskikbaar was vir haar kinders se opvoedende onderwys nie (vergelyk paragraaf 4.4.2).

Vroeg in die negentiende eeu is aan die ouers deur wetgewing 'n plek toegeken in die opvoedende onderwys van hulle kinders deur middel van skoolkomitees, maar in 1860 is die plek die ouers ontneem, deur dergelike verantwoordelikhede weer aan die Staat toe te ken (vergelyk paragraaf 4.4.2).

*Beskikbaarheid* van die Amerikaanse ouers was gedurende die tydperk 1865-1991 daarop gerig dat die ouers hulself deur die samelewingsverbande soos die kerk en nywerhede tot die opvoedende onderwys van hulle kinders beskikbaar gestel het. In Amerika word die twintigste eeu gekenmerk deur die invloed wat John Dewey uitgeoefen het om die ouers, onderwysers en kinders te betrek by die opvoedende onderwys. Later jare het die tendens uitgekring met die sigbare bewyse dat die ouers meer betrokke geraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys deur die georganiseerde ouer-onderwysersverenigings (vergelyk paragraaf 4.4.3).

### 4.7.4 Die skep van geborgenheidsruimte

Dit blyk dat die koloniale ouers 'n *geborgenheidsruimte* vir hulle kinders geskep het. Alle gegewens dui daarop dat die vreemde en moeilike omstandighede sommige gesinne nouer saamgebind het en dat daar gedurende die tydperk 'n geborgenheid in die huise aanwesig was (vergelyk paragraaf 4.5.1).

Die koloniste-ouers het vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte geskep sodat hulle kinders hul plek in die gemeenskap met vertroue kon inneem. Die ouers se geloof in 'n Christelike huisgesin het hulle laat uitreik na hulle kinders om vir hulle 'n geborgenheidsruimte te skep. Selfs in die meer gegoede families is hegter familiebande gehandhaaf wat die *geborgenheid* in die gesinne laat blom het.

Die *ongeborgenheid* wat daar gedurende die tydperk 1783-1865 aanwesig was kan toegeskryf word aan die feit dat baie ouers nie meer ernstig was oor hulle godsdiens nie. 'n Verdere rede vir die ongeborgenheid wat geheers het was die feit dat die ouers meer uithuisig te moes wees en die opvoedende onderwys meer en meer in die hande van die skool gelaat het. Die Industriële Revolusie het ook daartoe bydgedra dat die huis slegs 'n slaapplek vir die ouers geword het met die gevolg dat geborgenheid so te sê nie in die huisgesinne aanwesig was nie (vergelyk paragraaf 4.5.2)

Verder blyk dit ook dat die gebrek aan 'n *geborgenheidsruimte* wat gedurende die tydperk 1865-1991 in die gesin aanwesig was, toegeskryf kan word aan die oorbeskerming van die kinders deur die ouers. Die ouers het moontlik probeer kompenseer vir hulle afwesigheid uit die huis deur hulle kinders oor te beskerm. Die groot egskeidingsyfer het meegebring dat 'n geborgenheidsruimte moeilik in die betrokke gebroke huisgesinne geskep kon word (vergelyk paragraaf 4.5.3).

### 4.7.5 Die ouers as kultuurdraers

Uit die historiese verloop van Amerikaanse ouerbetrokkenheid blyk dit dat die ouers beïnvloed is deur die omstandighede wat daar in Amerika geheers het. Die verskillende owerhede in die Verenigde State van Amerika, het ook nie die opvoedende onderwys van die kinders vir die ouers makliker gemaak nie. Die verskillende streekkulture het tot gevolg gehad dat daar verskillende state ontwikkel het wat ook aanleiding gegee het tot verskillende onderwysstelsels. Kultuurverskille kan aan 'n aantal faktore toegeskryf word. In New England was daar hoofsaaklik landboudorpe en was die gesinne aangewese op gemeenskapsbetrokkenheid. Die gesinne in Virginia was nie so gemeenskapsgerig nie omdat die mense verspreid gewoon het. Die ouers se *kultuuroordrag* het ook verskil ten opsigte van die verskillende kerke wat daar in die verskillende kolonies aanwesig was (vergelyk paragraaf 4.6.1).

Die suidelike kolonies het hulle kinders se onderwys beskou as 'n privaat aangeleentheid en nie die van die staat nie, daarom was dorpskole nie aan die orde van die dag nie. Hulle wou hulle kinders soos die aristokrate van Engeland opvoed. Daarteenoor wou die ouers in New England hulle kinders onafhanklik van Engeland opvoed. In die opvoedende onderwys het die kolonies ook van mekaar verskil. Terwyl die Puriteinse vader die heerser in die huis was en die moeder aan haar kinders opvoedende onderwys moes verskaf, was die suidelike aristokrate daarop gerig om hulle seuns soos "gentleman" op te voed, waar die moeder en dogters goeie geselskap moes wees en goed kon onthaal (vergelyk paragraaf 4.6.1).

Die Amerikaanse ouers moes van die pionierstydperk af hulle gewig ingooi ten opsigte van *kultuuroordrag* omdat hulle 'n nuwe vaderland moes ontwikkel in omstandighede heeltemal anders as die waaraan hulle gewoond was. Ook moes hulle later walgooi teen die groot aantal immigrante wat die land binnegestroom het. Die ouers moes die nuwe kultuur aan hulle kinders oordra. Omdat die klimaat en lewensomstandighede hulle genoodsaak het om aan te pas moes hulle rekening hou met byvoorbeeld ander kleredrag en beroepe as waaraan hulle gewoond was (vergelyk paragraaf 4.6.1).

As *kultuurdraers* het die Amerikaanse ouers gedurende die tydperk 1783-1865 op die agtergrond getree omdat hulle as ouers nie meer erg gehad het aan die godsdiens van hul voorvaders nie en hulle het nie meer hulle vaste geloof aan hulle kinders oorgedra nie. Selfs die Staat het meegehelp dat die Bybel en gebed uit die skole verdwyn het. Dit het dus nie vir die ouers as aanmoediging gedien om in hierdie faset van die kultuur as kultuurdraers op te tree nie (vergelyk paragraaf 4.6.2).

Waar Dewey meegehelp het aan die afbreek van die godsdiens en die uitbouing van wêreldburgerskap vroeg in die twintigste eeu, het daar in 1970 'n beweging, terug na godsdiens, in die skole begin posvat. Die Christelike ouers in Amerika het die waarde van *kultuuroordrag* deur die ouers in die opvoedende onderwys van die kinders begin besef en daarvolgens begin optree (vergelyk paragraaf 4.6.3).

Uit die hoofstuk kom sekere tendense na vore wat sterk ooreenkoms toon met die omstandighede in die RSA. In hoofstuk 5 gaan aandag geskenk word aan die mikrodeelname van die ouers in die RSA aan hulle kinders se opvoedende onderwys.